



# Oostelike Sinode van die NG Kerk

LAAT U RYK, HEER,  
IN ONS, DEUR ONS,  
ORAL KOM!



3 Mei 2022

## **FAMILIENUUS 416**

*[Sien skakel onderaan die dokument indien jy nie meer Familienuus wil ontvang nie.]*

### **VANUIT DIE SINODEHUIS**

Ons het die afgelope naweek weer tent opgeslaan en buitekant geleeft. Lekker!

Ek kan my verkyk aan die suiderkruis. Hoekom sou daar nou juis 'n paar sterre wees wat vir ons presies uitwys waar suid lê? Ek hoor die jakkalse roep. As die Here vir die mossies sorg - dan seker ook vir die jakkals? Die rooiborslaksman, die mierleeu, 'n trop sebras. Dit bly darem maar spesiaal. So ook die bure se dogtertjie wat leer fietsry. Sukkel-sukkel. Val en opstaan en weer probeer. Om dan uiteindelik tien tree te kan ry. Ek wil saam met haar "yes!" skree.

Ek het weer die wonder van ons sintuie ontdek. Sien, hoor, ruik, proe, voel... Die Here seën ons met die vermoë om ons omgewing te kan beleef deur wat hy in ons liggame ingebou het.

Ons het dieselfde vermoë as dit gaan oor ons leefwêreld. Oorlog. Winter. Vloedrampe. Oop hande vir ander wat nie het nie. Hartseer tragedies. Opwinding oor 'n kleinkind. Moedeloosheid. Noem maar op...

As bedienaars van die Woord, as volgelingen van Jesus, moet ons leer om fyn ingestem te wees vir wat rondom ons aan die gebeur is. Ons plak nie God se Woord sommer net op mense of in die Wêreld neer nie. Ons is sensitief. Ons het 'n fyn aanvoeling ontwikkel onder leiding van die Gees van die Here. Ons leer wanneer iets wysheid is – én wanneer dit nader aan dwaasheid beweeg. Ons leer van praat én van stilbly. Van 'n stil handdruk wat meer beteken as baie teksverse.

'n Sesde sintuig wat deur die Here gebruik kan word.

## RAMP IN KWAZULU-NATAL

Die Sinode het kontak gemaak met die Sinode van Kwazulu-Natal en inligting verkry oor die hulpverlening wat deur die NG Kerk gelewer word. Ons Sinode was verlede jaar ook betrokke toe die onluste daar verwoesting gesaai het. Ons doen dit graag weer.

Ons sinode se **SinOosSeën Rampfonds** is steeds beskikbaar as voertuig vir gemeentes en lidmate – ook besighede – wat bydraes wil maak. Onthou dat ons 'n Artikel 18A – kwitansie kan uitreik vir belastingdoeleindes.

Ons het reeds R140 000 ontvang vir oorbetalings as ramphulp. Ons gebruik as vennote – saam met een van ons eie gemeentes – die gemeente Suidkus in Amanzimtoti, die Christelike Maatskaplike Diens en plaaslike organisasies met wie die kerk in Natal verhouding het.

Ons besef dat daar baie instansies is wat fondse vir hierdie saak insamel. Dit is ook reg so. Daar sit egter wel iets in om as kerk van Jesus Christus fondse te kan oorhandig aan mense wat baie swaarkry. Dis 'n getuigenis oor ons diep oortuiging dat gelowiges hier is om met die liefde van God ander mense in nood te versorg. Die eerste Christene het ons dit al geleer. Dit is hoe die kerk gegroei het...

Die model waarmee die Sinode werk, is om inligting oor die nood aan gemeentes en kollegas te gee met die versoek dat dit aan lidmate en die plaaslike gemeenskap deurgegee sal word. Die Sinodehuis het nie toegang tot potensiële donateurs nie – dit is ons plaaslike gemeentes wat hier kern-belangrik is. Gebruik hierdie as 'n geleentheid om lidmate te begelei om 'n kultuur van "gee" aan te leer. Dit kan die gemeente net tot voordeel strek wanneer ons lidmate begin glo aan die vreugde daarvan om te gee. Baie dankie aan elkeen wat ons reeds met hierdie proses gehelp het!

Ons heg weer die twee dokumente aan wat na die gemeentes en leraars versprei is: 'n [inligtingsstuk](#) asook die [pamflet](#) wat na lidmate, besighede en die plaaslike media versprei kan word.

## LERAARS

**Stefan Fourie** van Parow-Panorama het die beroep as leraar na **kerksondermure** aangeneem en word op 8 Mei bevestig.

**kerksondermure** het **Gerrit Visser** van Horison-gemeente as leraar beroep.

## GEMEENTES

**Kampersrus-gemeente by Hoedspruit** stel 'n geleentheid bekend vir 'n leraar / proponent om as aflosleraar in die gemeente te dien. Die [skrywe](#) van die gemeente se leraar, Pieter Dorey, vertel meer.

## SINODESITTING 2022

Die Sinodale Diensraad het besluit om **Sinodesitting** te hou op **Maandag 1 – Woensdag 3 Augustus** by die kerkkompleks van Pierre van Ryneveld.

Ons het reeds die eerste **geloofsbriewe** van gemeentes ontvang. Ons heg die [proforma-geloofsbrief](#) weer hier aan.

Ons heg ook 'n lys aan van [gastehuse](#) wie se besonderhede ons het.

Die Fondseiensgroep is besig om te werk aan 'n model waarvolgens ons aan gemeentes wat van ver moet kom en ook verblyf moet betaal, wil help met die onkoste wat hulle per afgevaardigde moet aangaan.

Hoekom 'n Sinodesitting? Ons moet saam reflekteer oor waar die gemeentes van Oostelike Sinode nou is in terme van ons missionale roeping; ons moet leiers vir die Sinode aanwys; ons wil toegerus word om ons roeping weer te verstaan en met energie uit te leef; ons moet besin oor die kern van ons verhoudinge as sinode...

## PREDIKANTE- EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

**Theo Smith van die Pensioenkantoor** gee inligting oor die begrafnispolis wat nou deel geword het van predikante se pensioenpakket. Die begrafnispolis is nie opsioneel nie – dit vorm deel van die pensioenvoorsiening van leraars.

Maak asseblief seker dat die premie maandeliks oorbetal word.

Let wel: hierdie premie-betaling word afsonderlik van die Retirement Fund Web pensioen-transaksie gedoen. Hierdie reëling word so deur die Pensioenfonds-wet voorgeskryf.

Ons stuur hiermee [Omsendskrywe 2 van 2022](#) en [Omsendskrywe 3 van 2022](#). Alle navrae kan aan Theo Smith van die Pensioenkantoor by [theo@pensioene.co.za](mailto:theo@pensioene.co.za) gerig word.

## PRODUKTE en TOERUSTING

**Excelsus** is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. Hulle stuur telkens die bekendstelling van hulle kursusse na gemeentes en leraars uit. Gee asseblief goeie aandag hieraan. Hulle webwerf is [www.excelsus.org.za](http://www.excelsus.org.za).

Inligting oor die **Hoe lees ons die Bybel?**-module word [hier](#) gegee.

Die program vir die **Sertifikaat in Bedieningsvernuwing** gee die [temas](#) wat behandel word.

## ONS WEBWERF EN SINODEHUIS-PERSONEEL

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut [www.sinoos.co.za](http://www.sinoos.co.za) .

Leraars en kerkkantore kan met groot vrymoedigheid die **personeel** kontak om advies, raad, hulp, ondersteuning – ons help graag. Die personeel is in die Sinodehuis op hulle pos. Ons telefoonnommer is 012 804 9543.

'n Belangrike stukkie administrasie in elke kerkkantoor is die **Inventarisvorm**. Die [vorm](#) word hier aangeheg met die versoek dat dit asseblief spoedig na die Sinodehuis teruggestuur word.



## VERJAARSDAE

Hartlik geluk aan elkeen wat tot 16 Mei verjaar. Seënwense!

## PREDIKANTE

3 Mei - Gerhard Green, Amersfoort  
3 Mei - Nelis Lindeque, Doornkloof  
3 Mei - Petri Coetzee, Malelane  
4 Mei - Jaco van Niekerk, Ermelo  
5 Mei - Jan Potgieter, Belfast  
11 Mei - Van Wyk Fischer, Silvertoukruin

## EMERITI

3 Mei - Francois Fourie, Pretoria-Oosterlig 2011  
5 Mei - Adrio König, Prof Unisa Sistematiese Teologie 1996  
8 Mei - Danie Dreyer, Tygerpoort 2016  
12 Mei - Barend Piek, Graskop 2008  
12 Mei - Wielie van Wyk, Middelburg-Suid 2018  
13 Mei - Eduan Naude, Lyttelton 2019  
13 Mei - Petrus Moolman, Ligkruis 2015

## GEMEENTES

4 Mei - Laeveld (93)  
6 Mei - Belfast (133)  
11 Mei - Nooitgedacht (46)  
12 Mei - kerksondermure (36)  
14 Mei - Midrand (Halfweghuis) (53)

**Francois Retief**

***Uitvoerende Amptenaar***

[uitamp@sinoos.co.za](mailto:uitamp@sinoos.co.za)



**NOTA: INDIEN U WIL UITTEKEN EN NIE MEER DIE FAMILIENUUS WIL ONTVANG NIE, KLIK [HIER](#).**

**VRYWARING:** Die informasie vervat in die boodskap is konfidensieel en word beskerm deur die reg. Indien u nie die geadresseerde is nie, wis asseblief uit en verwittig die afsender. Dit is onwettig om die inhoud van die boodskap bekend te maak, te kopieër of te versprei, of enige aksie te neem wat op die inhoud daarvan gebaseer is. Kontak die afsender indien jy die e-pos foutiewelik ontvang het.

**DISCLAIMER:** The information in this message is confidential and may be legally privileged. It is intended solely for the addressee. Access to this message by anyone else is unauthorized. If you are not the intended recipient, any disclosure, copying, or distribution of the message, or any action or omission taken by you in reliance on it, is prohibited and may be unlawful.

Please immediately contact the sender if you have received this message in error.

